Hoërskool Goudini

A P Hanekom - Skoolhoof

Sedert 1858

Posbus 25 RAWSONVILLE 6845
023-3491070 / Faks 0866587099

Van Riebeeckstraat 39 RAWSONVILLE 6845
admin@hsgoudini.co.za

NUUSBRIEF

PERSONEEL VERJAARSDAE

27 Januarie – Suzette Naudé (Graad R)

Geagte Ouers

GEDAGTE VIR DIE WEEK

As 'n mens se kind baie slim, baie mooi en baie talentvol is, het jy niks om op trots te wees nie, net dankbaar, want jy het hom so by God gekry. Maar...as jou kind 'n goedgemanierde en fyn gebalanseerde mens is wat sy plek in die samelewing kan volstaan, dan is dit 'n aanduiding van hoe goed jou ouerskap geslaag het!

UIT DIE KANTOOR

'n Hartlike welkom aan alle Goudini leerders, ouers en voogde. Dit is ons wens dat u werklik hierdie jaar 'n onvergeetlike Goudini ervaring sal beleef en terselfdertyd wil ek u langs hierdie weg uitnooi om betrokke te raak by u kind en sy / haar skool.

Wees daar vir u kind en wees betrokke van die eerste skooldag af tot die laaste eksamen en projek afgehandel is. Om opregte belangstelling in jou kinders se skoolloopbaan te toon is goed vir sy / haar selfvertroue.

Die wete dat hul ouers / voogde in alle aspekte van hul skoollewe belangstel, laat die kind/ers ook meer daarin belangstel en so aanvaar die kind/ers verantwoordelikheid.

Mag 2019 een van daardie jare wees waarop ons opreg trots gaan wees op ons skool en kinders en laat dit wat ons spreek altyd ander opbou, vetroos en bemoedig.

BELANGRIKE DATUMS VIR DIE VOLGENDE 2 WEKE

DATUM	DAG	AKTIWITEIT
10 Januarie	Donderdag	Inligtingsaand Gr1 – Gr 7
14 Januarie	Maandag	Hoërskool Goudini Tennis proewe vir span
18 Januarie	Vrydag	Hoërskool Goudini Atletiek GrR - 12

KWARTAALPROGRAM VIR 1STE KWARTAAL

DATUM	DAG	AKTIWITEIT
21 Janaurie	Maandag	0.15 krieket vs EP (weg)
23 Januarie	Woensdag	Atletiek: Vyfhoekbyeenkoms (Grabouw)
24 Januarie	Donderdag	Tennis: Goudini vs Worcester Oos (tuis)
		Graad R Oueraand
26 Januarie	Saterdag	L/S Worcester Sone Atletiek
30 Januarie	Woensdag	0.15 krieket vs DVG (tuis)
31 Januarie	Donderdag	Tennis: Goudini vs Hexvallei (tuis)

2 Februarie	Saterdag	Worcester L/S Atletiek
4 Februarie	Maandag	o.15 krieket vs HTS Drostdy (w)
6 Februarie	Woensdag	Mini krieket by Worcester Oos (w)
7 Februarie	Donderdag	Tennis: Goudini vs WPS (weg)
8 Februarie	Vrydag	Mini krieket by Hugo Rust (w)
9 Februarie	Saterdag	Noord Boland L/S Atletiek
11 Februarie	Maandag	0.15 krieket vs HUB (w)

14 Februarie	Donderdag	Tennis: Goudini vs Worcester Noord Primêre Skool (w)
16 Februarie	Saterdag	Boland L/S Atletiek; Mini krieket by Hexvallei (w)
18 Februarie	Maandag	o.15 krieket vs Montana (w)
21 Februarie	Donderdag	Tennis: Goudini vs De Villiers (t)
23 Februarie	Saterdag	Bosmandam Netbal Toernooi 0.19 dogters
25 Februarie	Maandag	0.15 krieket vs Robertson (w)
28 Februarie	Donderdag	Kaskarre
		Troeteldierwinkel uitstappie Gr R
1 Maart	Vrydag	Boland Landbou Sportdag 0.11, 0.13 Rugby
9 Maart	Saterdag	Sportdag: Goudini 0.11 en 0.13; Brackenfell Sportdag 0.15, en 0.19
13 Maart	Woensdag	0.19 netbal Goudini vs Augsburg (10:00)
15 Maart	Vrydag	Skole sluit

SOMERSPORTPROGRAM

Hiermee die somersportprogram vir Maandae tot Donderdae soos vanaf **Maandag, 21 Januarie**:

KRIEKET			
Laerskool	Maandae	14:15 – 15:15	T van Reenen (LS) T Kleinhans (HS)
Hoërskool / Laerskool	Dinsdae	14:30 – 15:30	T van Reenen (LS) T Kleinhans (HS)
Hoërskool / Laerskool	Woensdae wedstryde	14:30 – 15:30	T van Reenen (LS) T Kleinhans (HS)

MINI KRIEKET			
Laerskool	Dinsdae	13:15 – 14:00	J Viljoen
Laerskool	Donderdae	13:15 – 14:00	J Viljoen

BALSPELE			
Laerskool	Dinsdae	13:15 – 14:00	J Viljoen
Laerskool	Donderdae	13:15 – 14:00	J Viljoen

NETBAL

Hoërskool 0.19	Maandae (nie verpligtend)	16:00 – 17:00	J Burger

JUKSKEI			
Hoërskool	Maandae	14:15 – 15:30	B Hanekom
Hoërskool	Woensdae	14:15 – 15:30	B Hanekom

ATLETIEK			
Hoërskool / Laerskool	Dinsdae	14:15 – 15:15	M de Lange (LS) J Burger (HS)
Hoërskool / Laerskool	Donderdae	14:15 – 15:15	M de Lange (LS) J Burger (HS)

TENNIS			
	Maandae	14:30 – 15:30	J Burger

SKAAK			
	Maandae	14:15 – 15:15	J Steenkamp
	Woensdae	14:15 – 15:15	J Steenkamp

ATLETIEK HEKGELDE

Daar sal hek kaartjies verkoop word vir die atletiekdag by Mev Stofberg teen R5.00 'n kaartjie. Indien u as ouers nie 'n kaartjie kan toon by die hek, sal die hek geld dan R10 wees.

ATLETIEK GAZEBO'S

Ons benodig Gazebo's vir die atletiekdag, indien 'n ouer vir ons 'n gazebo kan leen sal ons dit waardeer. U kan die gazebo voor of op Donderdag, 17 Januarie by die skool sal afgee.

SKOOLGELDE EN NOTAGELD

Die skoolfonds vir 2019 beloop R8 820.00 per jaar (R882.00 per maand, bereken oor 10 maande). Notageld beloop R500.00 per leerder en is verpligtend vir alle leerders vanaf Graad 1 – 12. Die Verbruikersstudie se bedrag beloop R80.00 per kwartaal. Ons vra dat u asseblief hierdie bedrae so gou moontlik sal vereffen.

VRYSTELLINGSVORMS

Alle vrystellingsvorms moet asseblief nie later as 10 Februarie ingehandig word nie. Let asseblief daarop dat u elke jaar 'n nuwe vorm moet invul.

SPORTKLERE

Sportklere kan by Mev Stofberg verkry word op Maandae, Woensdae en Donderdae tussen 07:30 en 12:30.

GYMKHANA

Hugo Jordaan, het tydens die afgelope Desember vakansie aan die Nasionale Tentpegging Kampionskappe deelgeneem te Bethlehem.

Hy verower 'n goue medalje vir Enkel Swaard, asook in spanverband 'n silver medalje vir Indiese Gelid Lans en brons medalje vir Seksie Lans. Hy word gekies vir die 0.14 Nasionale Span.

Baie geluk Hugo, ons is trots op jou.

NUWE PERSONEEL

Hoërskool Goudini wil baie graag ons nuwe personeellede verwelkom by die skool en hulle sterkte toewens vir 2019. Mag dit ‘n baie suskesvolle jaar wees en mag julle tuis voel hier by die Goudini familie.

- Mev Barbara Jordaan - Sekretaresse
- Mej Marnay Bothma – Graad 7
- Mnr Anthony Young – Graad 8
- Mnr Reinhardt du Toit – Graad 9
- Mia du Plussis – Interneskap GrR - 3

Die uwe

A P HANEKOM
Skoolhoof
11 Januarie 2019